



## Wat is Pienkvoet-Pret?

Pienkvoet-Pret bied reeds vanaf 2000 heerlike en omvattende stimulasie-en-ontwikkelingsklasse aan wat jou kind se algehele ontwikkeling stimuleer.

Ons doel is om aan mamas of pappas die geleentheid te bied om in 'n ontspanne atmosfeer speel-speel hul baba te stimuleer en te geniet. Hierdie is baie belangrike kwaliteit-tyd met mekaar.

Babas se eerste 1000 dae is ontsettend belangrik! Dis hier waar jy 'n kind se boublokke vir die res van hul skoolloopbaan vorm.

David Feuerstein het gesê dat 'n kind 'n liefdevolle volwassene nodig het om die wêreld vir hom oop te sluit en betekenis daaraan te gee. By Pienkvoet-Pret leer ons jou hoe!

## Wat maak Pienkvoet-Pret anders?

Die kurrikulum is ontwikkel deur Anelia Prinsloo en word opgedateer soos nuwe navorsing nuwe feite en idees bring.

Fransesnemers word deur 'n streng keuringsproses gesif en met sorg en oorleg gekies. Elkeen ontvang volledige opleiding en 'n beproefde, uitgewerkte kurrikulum. Die aandag, liefde en sorg wat elke fransesnemer aan haar ouers en kinders bied, maak van Pienkvoet-Pret 'n baie prettige en besonderse afspraak.

Mamas kan nie wag vir hul weeklikse klasse waartydens hulle kan deel in die opwinding en pret van hul kinders se ontwikkeling en groei nie.

Babas kry ook die geleentheid om in 'n veilige en vriendelike omgewing met ander kinders van hul ouderdomsgroep te leer sosialiseer. Die klasse vorm ook 'n uitstekende ondersteuningsnetwerk vir mamas-lewenslange vriendskappe word hier gesmee, nie net tussen die jonger garde nie, maar ook tussen die ouers.

Na elke klas geniet die mamas verversings terwyl die kinders buite-aktiwiteite met hul "Pienkvoet-Pret-maatjies" geniet.

Ons glo "it takes a village to raise a child".



## Waar is Pienkvoet-Pret?

Ons het 33 takke landswyd! Ons is reeds in die volgende provinsies:

Gauteng

Limpopo

Vrystaat

Oos-Kaap

Noord-Wes

Mpumalanga

Noord-Kaap

Wes-Kaap

## Wat doen ons by Pienkvoet-Pret?

Mamma woon saam met baba/kleuter weekliks 'n uur en 'n half klas by.

Die klasse word in die volgende 4 groepe ingedeel om te verseker dat ouderdom-spesifieke mylpale bereik word:

- 3 - 6 maande
- 7 - 12 maande
- 13 - 21 maande
- 22 - 36 maande

Elke les sluit die volgende pret-aktiwiteite en oefeninge in om spesifieke vaardighede aan te leer en te bemeester:

- Groot en fyn motoriese aktiwiteite
- Perseptuele- en intellektuele aktiwiteite
- Sensoriese bewustheid
- Musiek en beweging
- Luistervaardighede
- Rympies & liedjies
- Mors-aktiwiteite
- Inleiding tot boeke en die kweek van liefde vir boeke
- Baba-massering
- Storietyd & kuns-aktiwiteite vir die peuters
- Vrystel buite

## Pienkvoet-Pret Aanlyn-Winkel

Ons aanlyn-winkel is propvol speelgoed en bederf vir beide mamma en pienkvoet! Elke item is sorgvuldig uitgekies om net die beste stimulasie, interaksie en genot uit jou pienkvoet te lok.

Ons bied ook aktiwiteits bokse, wat geskik is vir babas van 3-39 maande. Die boks bevat 'n instruksie handleiding en verskeie ouderdomsgepaste items vir jou pienkvoet. Hierdie bokse is veral gewild onder mamas wat nie tyd het om 'n klassie by te woon nie, of nie naby aan 'n klassie bly nie.



Besoek gerus ons webtuiste vir meer inligting:

[www.pienkvoetpret.co.za](http://www.pienkvoetpret.co.za)